

KI-beeld geskep met Freepik/freepik.com/pikaso

Stellenbosch
UNIVERSITY
IYUNIVESITHI
UNIVERSITEIT

# KI-Bemiddelde Multimedia

## ’n Omwenteling in Inhoudskepping

# INLEIDING

## Oorsig van KI in multimedia

**KI-bemiddelde multimedia verwys na die gebruik van kunsmatige intelligensie (KI) om verskillende tipes media** soos foto's, video's en klank **te skep, te verbeter en te optimaliseer**. Die tegnologie ontwikkel teen 'n snelle pas en het 'n aansienlike invloed op inhoudskepping: 'n Eenvoudige beskrywing (*prompt*) kan byvoorbeeld in 'n uithalerfoto omskep word, wat vinniger inhoudskepping moontlik maak.

## Doel van hierdie dokument

Hierdie dokument **bied leiding oor die gebruik van generatiewe kunsmatige intelligensie- (GenKI-)instrumente en -toepassings om opvoedkundige inhoudskepping te ondersteun**. Die doel is om jou te help om GenKI-instrumente te verstaan en dit doeltreffend te gebruik om jou sinchrone én asinchrone onderrigmateriaal te verbeter en jou lesings boeiender te maak sodat dit studente se aandag sal hou. Die dokument **konsentreer hoofsaaklik op KI-beeldskepping uit beskrywings (teks)**. Nietemin word webtuistes vir klank- en videoskepping ook aanbeveel, hoewel dit nie in besonderhede bespreek word nie.

> Toegang tot **GenKI-instrumente en -toepassings is dikwels gratis, maar die gratis weergawes het soms aflaai- en gebruiksbeperkings**. Elke individuele gebruiker moet dus self die instrumente en toepassings op die proef stel en evalueer.

Beskrywing waaruit beeld langsaan geskep is:
*A person engaged in an imaginative conversation with a chatbot, featuring a digital overlay.* »

LW: Aangesien GenKI-platforms tans slegs vir Engels voorsiening maak, word die beeldbeskrywings telkens in Engels gelaat.)


KI-beeld geskep met Adobe Firefly/firefly.adobe.com


© 2024 Universiteit Stellenbosch

# INLEIDING

## Vrywaring: KI-beeldskepping

Let daarop dat **beeldskepping met KI tydrowend kan wees**. Die kompleksiteit van die beskrywing, die vermoë van die KI-model én die hoeveelheid detail wat jy vereis, kan alles 'n beduidende invloed hê op hoe lank dit duur. Indien jy vinnig foto's wil hê, beveel ons aan dat jy op fotobankwebtuistes gaan soek, waar jy 'n uitgebreide versameling voorafgeskepte foto's sal kry wat jy onmiddellik kan gebruik.

## Fotobanke

Hier is 'n paar erkende webtuistes waar jy kopieregvrye foto's kan kry:

> **Pixabay**: Bekend vir sy uitgebreide versameling foto's, video's en musiek van gehalte

> **Pexels**: Bied 'n sorgvuldig uitgesoekte versameling gratis foto's wat ideaal is vir 'n verskeidenheid projekte

> **Unsplash**: Voorsien treffende hoëresolusiefoto's en -illustrasies

> **Freepik**: Bied 'n wye verskeidenheid gratis foto's, vektorbeelde en illustrasies

*African-looking chatbot, side view, medium close-up.*



KI-beeld geskep met PicLumen/piclumen.com


© 2024 Universiteit Stellenbosch

# INHOUDSOPGAWE


1. **Oorwegings vir die skep van KI-bemiddelde multimedia** Bl 1
   - 1.1 Die ontwikkelende onderwyslandskap
   - 1.2 Voordele van KI-bemiddelde multimedia
   - 1.3 Uitdagings en etiese oorwegings
2. **Hoe om KI-bemiddelde multimedia te skep** Bl 2
   - 2.1 Verstaan en identifiseer gepaste GenKI-instrumente
   - 2.2 Konseptualisering
   - 2.3 Beste praktyke
   - 2.4 Toeganklikheid
3. **Hoe om goeie beeldbeskrywings te skryf** Bl 4
   - 3.1 Hoe KI-beeldskeppers werk
   - 3.2 Die skryf van die volmaakte beskrywing
   - 3.3 Die belang van goeie beskrywings
   - 3.4 Voorbeelde van beskrywings om te gebruik
   - 3.5 Algemene slaggate
   - 3.6 Hoe om 'n doeltreffende beskrywing te skryf
4. **Waar om mediaskeppingswebtuistes of -toepassings op te spoor** Bl 12
   - 4.1 KI-enjins wat beelde uit beskrywings skep
   - 4.2 GenKI-aangedrewe ontwerpinstrumente
   - 4.3 Videoskepping en musiekskryf
5. **Hoe om erkenning te gee** Bl 15
   - 5.1 Belang van erkenning
   - 5.2 Beste praktyke vir erkenning
6. **Reëls en riglyne vir beelde wat met KI geskep word** Bl 16
   - 6.1 Kopiereg en intellektuele eiendom
   - 6.2 Dataprivaatheid en -sekuriteit
   - 6.3 Potensiaal vir vooroordeel
   - 6.4 Verifikasie
   - 6.5 Etiekriglyne
   - 6.6 US-beleide


KI-beeld geskep met Adobe Firefly/firefly.adobe.com



*A person sitting on a chair with a tablet, surrounded by icons.*



© 2024 Universiteit Stellenbosch

Stellenbosch UNIVERSITY IYUNIVESITHI UNIVERSITEIT

KI-beelde geskep met Microsoft Designer/designer.microsoft.com

# 1. Oorwegings vir die skep van KI-bemiddelde multimedia

*An open book with letters flying out of it.*



*A computer with a robot in the centre.*



*A robot speaking into a microphone surrounded by people.*



## 1.1 Die ontwikkelende onderwyslandskap

**GenKI is besig om 'n omwenteling te veroorsaak in hoe ons opvoedkundige inhoud skep**, pasmaak en lewer. KI-bemiddelde instrumente outomatiseer herhalende take en bied nuwe maniere om studente se aandag te hou, wat opvoeders in staat stel om meer op die gehalte en interaktiwiteit van hulle onderrigmateriaal te konsentreer.

## 1.2 Voordele van KI-bemiddelde multimedia

**GenKI verbeter doeltreffendheid deur inhoudskepping te outomatiseer**, en bevorder innovasie deur dinamiese en kreatiewe inhoudsformate. Hierdie ontwikkelings verbeter nie net leerervarings nie, maar kan dosente ook heelwat tyd spaar.

## 1.3 Uitdagings en etiese oorwegings

GenKI hou wel groot voordele in, maar **opper ook kwessies ten opsigte van kopiereg en intellektuele eiendom, dataprivaatheid en -sekuriteit, moontlike vooroordeel**, en 'n oorafhanklikheid van geoutomatiseerde instrumente. Opvoeders behoort GenKI verantwoordelik te gebruik, en moet sorg dat dit met opvoedkundige waardes en etiekstandaarde strook. In afdeling 6, "Reëls en riglyne vir beelde wat met KI geskep word", keer ons terug na hierdie onderwerp.


© 2024 Universiteit Stellenbosch

Stellenbosch UNIVERSITY IYUNIVESITHI UNIVERSITEIT


# 2. Hoe om KI-bemiddelde multimedia te skep

## 2.1 Verstaan en identifiseer gepaste GenKI-instrumente

Daar is **verskeie GenKI-instrumente verkrygbaar wat met multimediaskepping kan help**. Dít sluit in KI-enjins wat beelde uit beskrywings skep, platforms wat video's maak, en sagteware wat klank saamstel.

## 2.2 Konseptualisering

Begin deur **jou inhoudsdoelwitte te bepaal**, en kies dan gepaste GenKI-instrumente om daardie doelwitte te bereik. Maak seker dat jy die gebruiksvoorwaardes verstaan van die instrumente wat jy oorweeg.



KI-beeld geskep metAdobe Firefly/firefly.adobe.com

*Students working on laptops in a contemporary environment, captured from a side view with a depth-of-field effect.* »


© 2024 Universiteit Stellenbosch

Stellenbosch UNIVERSITY IYUNIVESITHI UNIVERSITEIT

# 2. Hoe om KI-bemiddelde multimedia te skep

## 2.3 Beste praktyke

Wanneer jy inhoud wat met KI geskep is by jou kurrikulum insluit, **maak seker dat dit jou onderrig-, leer- en assesseringsdoelwitte aanvul** en geensins afbreuk doen aan akademiese integriteit nie. Wees krities in die beoordeling van die akkuraatheid en relevansie van GenKI-multimedia-uitsette.

## 2.4 Toeganklikheid

Dit is noodsaaklik dat **die KI-bemiddelde multimedia wat jy skep vir alle studente toeganklik is**, waaronder studente met gestremdhede. Dít vereis onder meer die voorsiening van alternatiewe beskrywings van beelde, onderskrifte vir video's en beskrywings van klank om te sorg dat elke student die inhoud ten volle kan benut. Raadpleeg die Gids tot digitale toeganklikheid vir verdere inligting.

KI-beeld geskep met Adobe Firefly/firefly.adobe.com



*A person sitting in a wheelchair with a tablet.*


© 2024 Universiteit Stellenbosch

# 3. Hoe om goeie beeldbeskrywings te skryf


KI-beeld geskep met Freepik/freepik.com/pikaso

*A group of students studying in a sunlit library, surrounded by towering bookshelves filled with books. The camera angle is an over-the-shoulder shot with a depth of field.*

## 3.1 Hoe KI-beeldskeppers werk

Met behulp van groot taalmodelle soos ChatGPT leer KI-modelle om uit groot beeld- en teksdatastelle **beelde te skep na aanleiding van 'n beskrywing wat die gebruiker invoer.**

## 3.2 Die skryf van die volmaakte beskrywing

'n **Goeie beskrywing is duidelik en bied genoeg besonderhede en konteks** om die GenKI-instrument of -toepassing die gewenste beeld te help skep.

**Doeltreffende beskrywings dui kernelemente soos voorwerpe, karakters, stellings en style aan en vermy dubbelsinnigheid om te sorg dat die KI akkurate resultate oplewer.**

## 3.3 Die belang van goeie beskrywings

**Goeie beskrywings is noodsaaklik vir doeltreffende KI-beeldskepping.** Dit vereis vaardige skryfwerk om die gewenste resultate te kry.

## 3.4 Algemene slaggate

Algemene **foute sluit in vae beskrywings, belangrike inligting wat ontbreek, en te ingewikkelde taal**. Om hierdie kwessies te verhoed, **wees so presies moontlik**, vermy onnodige vaktaal, en breek ingewikkelde idees op in eenvoudiger komponente. Dit sal help sorg dat die GenKI verstaan waarna jy op soek is.


© 2024 Universiteit Stellenbosch

Stellenbosch UNIVERSITY IYUNIVESITHI UNIVERSITEIT

# 3. Hoe om goeie beeld-beskrywings te skryf

## 3.5 Voorbeelde van beskrywings om te gebruik

**Daar is 'n paar nuttige webtuistes om te raadpleeg vir inspirasie en om jou beeldbeskrywings te verbeter**. PromptHero bevat verskeie voorbeelde en kreatiewe idees, Hugging Face's Promptist bied persoonlike bystand met die skryf van beter beskrywings, en LLM Prompting gee algemene raad met beskrywings.

> Voorbeelde van doeltreffende beskrywings

'n Beskrywing soos

*Identity and Self-Reflection: A person composed of vibrant patterns, representing themes of self, identity, and how we perceive ourselves and others. Digital art painting, medium close-up.*

skets 'n baie duidelike prentjie, wat 'n visueel samehangende beeld met 'n groot hoeveelheid detail tot gevolg het. Voorbeelde soos dié een toon hoe **presisie en duidelikheid tot beter uitkomste kan lei**.



KI-beeld geskep met Adobe Firefly/firefly.adobe.com


© 2024 Universiteit Stellenbosch

KI-beeld geskep met Microsoft Designer/designer.microsoft.com



# 3. Hoe om goeie beeld-beskrywings te skryf

## 3.6 Hoe om 'n doeltreffende beskrywing te skryf

### A. Gebruik beskrywende taal

**Gebruik byvoeglike naamwoorde, bywoorde, vergelykings en metafore om die beskrywing ryker, duideliker en vollediger te maak** vir die GenKI-instrument of -toepassing. **Wees egter terselfdertyd versigtig om die beskrywing nie te kompleks te maak nie.**

Klik op hierdie skakel vir Adobe Firefly se wenke vir doeltreffende beskrywings:
https://helpx.adobe.com/firefly/using/tips-and-tricks.html

### B. Sluit konteks en verwantskappe in

**Beskryf ruimtelike verwantskappe tussen elemente** en lig interaksies uit om 'n duidelike prentjie te skets van hoe die komponente van die beeld met mekaar moet verband hou.

*A professor discussing a concept with a diverse group of students seated around a round table, with some students taking notes.*


© 2024 Universiteit Stellenbosch

# 3. Hoe om goeie beeld-beskrywings te skryf

## Werksvoorbeeld: Skryf 'n doeltreffende beeldbeskrywing

### Kamerahoeke en beeldraming

Dui die kamerahoek en beeldraming aan, soos 'n nabyskoot (*close-up*), wye skoot (*wide shot*) of 'n skoot van bo (*top-to-bottom view*), om kernelemente uit te lig en die fokus van die beeld te verduidelik. Hier is 'n paar voorbeelde:

### C. Kamerahoeke

- **Oogvlak (*eye-level*):** Neutrale aansig gelyk met subjek se oë
- **Hoë hoek (*high angle*):** Kyk af om die subjek kleiner te laat lyk
- **Lae hoek (*low angle*):** Kyk op om die subjek groter te laat lyk
- **Panoramiese skoot/voëlperspektief (*bird's-eye view*):** Afwaartse perspektief direk van bo
- **Wurmperspektief (*worm's-eye view*):** Opwaarts van naby die grond
- **Kantelhoek (*Dutch angle*):** Skuins gedraai om 'n oorhoekse horison te skep
- **Oor-die-skouer (*over-the-shoulder*):** Van agter 'n karakter om uit te beeld wat die karakter sien
- **Kantaansig (*side view*):** Subjek/voorwerp van die kant af

*A person sitting at a desk using a computer.*


KI-beeld geskep met Freepik/freepik.com/pikaso



Centre for Learning Technologies | iZiko lokuFunda ezobuGcisa | Sentrum vir Leertegnologieë
© 2024 Universiteit Stellenbosch

Stellenbosch University Iyunivesithi Universiteit

# 3. Hoe om goeie beeld-beskrywings te skryf


## Werksvoorbeeld: Skryf 'n doeltreffende beeldbeskrywing

### Kamerahoeke en beeldraming (vervolg)

### D. Beeldraming

- **Wye skoot (*wide shot*):** Toon die volle subjek en omgewing
- **Mediumskoot (*medium shot*):** Bolyf, met subjek en agtergrond in balans
- **Nabyskoot (*close-up*):** Skerp fokus op subjek, met aandag aan detail
- **Uitersnabyskoot (*extreme close-up*):** Zoem in op sekere detail
- **Afstandskoot (*long shot*):** Vollyfskoot met agtergrondkonteks
- **Tweeskoot (*two shot*):** Twee subjekte saam in dieselfde raam
- **Gesigspunt (*point of view/POV*):** Toon die toneel uit die karakter se oogpunt na aanleiding van die beskrywing
- **Oorhoofse skoot (*overhead shot*):** Reg van bo, met aandag aan uitleg en verband tussen elemente

*An extreme close-up of a black man wearing headphones in a library setting.*



KI-beeld geskep met Freepik/freepik.com/pikaso


© 2024 Universiteit Stellenbosch

# 3. Hoe om goeie beeld-beskrywings te skryf

## Werksvoorbeeld: Skryf 'n doeltreffende beeldbeskrywing

### Dui die styl en oppervlak aan

Kies 'n bepaalde styl (soos realisties, strokiesprentagtig, abstrak) **om die visuele benadering van die beeld aan te dui**. Jy kan GenKI ook vra om beelde te skep in die styl van 'n spesifieke kunstenaar, soos Van Gogh of Picasso. Let wel: Dit sal slegs die styl repliseer; nie die presiese kunswerk nie.

### E. Kunsstyl

- **Realisme (*realism*):** Lewensgetroue detailvoorstelling
- **Impressionisme (*impressionism*):** Sagte, energieke kwashale; klem op lig en beweging
- **Surrealisme (*surrealism*):** Dromerige mengsel tussen werklikheid en fantasie
- **Abstrak (*abstract*):** Nierealisties; beklemtoon vorm en kleur
- **Strokiesprentagtig (*cartoonish*):** Oordrewe, dik lyne en helder kleure
- **Minimalisme (*minimalism*):** Eenvoudige lyne en min kleur; beklemtoon net die noodsaaklike

*An illustration of a woman with long wavy hair deep in thought holding a pen and a notebook.*

KI-beeld geskep met Adobe Firefly/firefly.adobe.com




© 2024 Universiteit Stellenbosch

# 3. Hoe om goeie beeld-beskrywings te skryf


## Werksvoorbeeld: Skryf 'n doeltreffende beeldbeskrywing

### Dui die styl en oppervlak aan (vervolg)

**F. Materiaal/oppervlak**

- **Papier/koerantpapier (*paper/newspaper*):** Tradisionele, plat tekstuur vir sketse of afdrukke
- **Klei (*clay*):** Vormbare 3D materiaal vir beeldhoukuns
- **Hout (*wood*):** Natuurlike, greinerige oppervlak, ideaal vir sneewerk of geverfde teksture
- **Glas (*glass*):** Gladde, deursigtige oppervlak vir ligeffekte of brandskilderglas
- **Tekstiel (*fabric*):** Sagte, getekstureerde oppervlak wat dikwels vir tekstielkuns of collages gebruik word
- **Metaal (*metal*):** Blink, weerkaatsende oppervlak vir industriële of moderne ontwerpe

KI-beeld geskep met Adobe Firefly/firefly.adobe.com



*A head made of newspaper.*


© 2024 Universiteit Stellenbosch

# 3. Hoe om goeie beeld-beskrywings te skryf

## Werksvoorbeeld: Skryf 'n doeltreffende beeldbeskrywing

### G. Stemming en atmosfeer

**Gebruik beskrywende woorde** om die gewenste stemming en atmosfeer oor te dra en so die toon aan te gee vir die beeld.

> **Helder en energiek:** *A lively study session in a sunlit room.*

> **Stil en aandagtig:** *A serene, dimly lit library with students absorbed in their work.*

### H. Herhaal, hersien en verfyn

Aanvanklike beskrywing
**Begin met 'n basiese weergawe** van die beskrywing om 'n grondslag te lê.

Hersien en pas aan
**Verfyn die beskrywing** na aanleiding van die voorlopige resultate om dit beter met jou visie te laat strook en 'n akkurater beeld te skep.



KI-beeld geskep met Adobe Express/new.express.adobe.com



Centre for Learning Technologies | iZiko lokuFunda ezobuGcisa | Sentrum vir Leertegnologieë
© 2024 Universiteit Stellenbosch

Stellenbosch UNIVERSITY IYUNIVESITHI UNIVERSITEIT

# 4. Waar om mediaskeppingswebtuistes of -toepassings op te spoor

## 4.1 KI-enjins wat beelde uit beskrywings skep

**Elke KI-enjin wat beelde uit beskrywings skep, lewer unieke resultate**, wat dit geskik maak vir verskillende kreatiewe behoeftes. Let daarop dat **van hierdie GenKI-instrumente gratis registrasie bied, dog gebruiksbeperkings stel**. Om die instrumente ten volle te benut, oorweeg dit om daarop in te teken. Hier is 'n paar voorstelle, hoewel daar nog vele ander opsies beskikbaar is.

LW: Beeldskepping tans beskikbaar op gratis plan, hoewel dít kan verander.

### PicLumen

Omskep beskrywings in aanpasbare beelde van gehalte vir kreatiewe inhoudskepping.

Gratis en onbeperk

Gebruiksvoorwaardes

### Microsoft Bing

Skep beelde in sowel klassieke as moderne kunsstyle, wat buigsaamheid bied om verskeie visuele temas uit te beeld.

Prysinligting

Gebruiksvoorwaardes

### Adobe Firefly

Spesialiseer in die skep van kunstegnieke, grafika en teksgegronde beelde. Ideaal vir projekte wat gesofistikeerde detailbeelde vereis.

Prysinligting

Gebruiksvoorwaardes

### Midjourney

Bekend vir die skep van uiters kunstige en gestileerde beelde. Perfek vir gebruikers wat meer kreatiewe en betekenisvolle beelde wil skep.

Prysinligting

Gebruiksvoorwaardes

### Stable Diffusion

Omskep lukrake geluide in detailbeelde wat 'n balans tussen kreatiwiteit en presisie bied.

Prysinligting

Gebruiksvoorwaardes


© 2024 Universiteit Stellenbosch

# 4. Waar om mediaskeppingswebtuistes of -toepassings op te spoor

## 4.2 GenKI-aangedrewe ontwerpinstrumente

**Hierdie instrumente is ontwerp om gebruikers visuele inhoud soos grafika, aanbiedings en sosialemediaplasings te help skep**. Dit voorsien ontwerpvoorstelle en -uitlegte op grond van gebruikers se insette en vereenvoudig sodoende die skeppingsproses. Hou in gedagte dat **van hierdie GenKI-instrumente gratis registrasie bied, maar gebruiksbeperkings stel deur middel van daaglikse of maandelikse krediete**. Om op 'n betaalde plan in te teken kan jou meer buigsaamheid bied om media te skep.

LW: Beeldskepping tans beskikbaar op gratis plan, hoewel dít kan verander.

### Microsoft Designer

Gebruik KI om ontwerpaanbevelings en -uitlegte van gehalte vir verskillende inhoudstipes te skep, waaronder aanbiedings en sosialemediaplasings.

Prysinligting

Gebruiksvoorwaardes

### Adobe Express

Bied gebruikervriendelike ontwerpinstrumente met KI-gesteunde kenmerke om vinnig aantreklike grafika, video's en webblaaie te skep.

Prysinligting

Gebruiksvoorwaardes

### Freepik

Voorsien 'n platform vir gebruikers om gratis en premium grafiese hulpbronne van gehalte te bekom en af te laai, waaronder vektorbeelde, foto's, illustrasies en PSD-lêers.

Prysinligting

Gebruiksvoorwaardes

### Canva

Bied 'n toeganklike platform vir die ontwerp van grafika, aanbiedings en sosialemedia-inhoud, met KI-aangedrewe ontwerpaanbevelings en -template.

Prysinligting

Gebruiksvoorwaardes


© 2024 Universiteit Stellenbosch

# 4. Waar om mediaskeppingswebtuistes of -toepassings op te spoor

## 4.3 Videoskepping en musiekskryf

Daar is etlike KI-instrumente beskikbaar wat video’s skep en musiek skryf. **Baie van hierdie instrumente laat jou toe om gratis in te teken en ’n profiel te skep, wat jou die geleentheid bied om te eksperimenteer en jou gewenste media-uitset te skep. Wees egter bedag daarop dat jy dalk sal moet betaal wanneer jy jou finale video en/of musiek aflaai**. Om enige verrassings te voorkom, **gaan vooraf die bepalings en voorwaardes van die sagteware na** om seker te maak of daar enige fooie van toepassing is.

### GenKI-media-oplossings

**Easy with AI**

Hierdie webtuiste bied ’n versameling AI-aangedrewe beeld-, video- en musiekskeppers om vinnig en maklik pasgemaakte media te skep.

**Future Tools**

Hierdie platform voorsien ’n uitgebreide KI-instrumentgids wat uit verskillende kategorieë bestaan om gebruikers ultramoderne KI-tegnologieë te help opspoor en gebruik.



*Clapboard, Bauhaus style*



*White earphones, Bauhaus style*

KI-beelde geskep met PicLumen/piclumen.com


© 2024 Universiteit Stellenbosch

# 5. Hoe om erkenning te gee


## 5.1 Belang van erkenning

**Behoorlike erkenning is belangrik, want dit erken die oorspronklike skeppers van die werk**, voorkom plagiaat en verseker deursigtigheid, wat sorg dat etiek- en morele standaarde gehandhaaf en alle regulasievereistes nagekom word.

## 5.2 Beste praktyke vir erkenning

**Wanneer jy inhoud wat met KI geskep is, erken, gee altyd duidelik erkenning aan die GenKI ooreenkomstig hulle spesifieke bepalings en voorwaardes.** Indien dit van toepassing is, bied 'n direkte skakel of verwysing na die bron om duidelikheid te verseker en te wys dat jy alle bydraes respekteer.

Byvoorbeeld "KI-foto geskep met Adobe Firefly/firefly.adobe.com"



*An African-looking student holding a tablet in one hand, with the other hand resting thoughtfully under her chin.*



Centre for Learning Technologies | iZiko lokuFunda ezobuGcisa | Sentrum vir Leertegnologieë
© 2024 Universiteit Stellenbosch

Stellenbosch
UNIVERSITY
IYUNIVESITHI
UNIVERSITEIT

# 6. Reëls en riglyne vir beelde wat met KI geskep word

## 6.1 Kopiereg en intellektuele eiendom

**Slegs werke wat deur menslike insette geskep is, kom in aanmerking vir kopieregbeskerming. Beelde wat uitsluitlik deur KI, sonder enige menslike betrokkenheid, geskep is, kom dus nie ingevolge kopieregwette vir beskerming van eienaarskap in aanmerking nie.** Dít kan egter in die toekoms verander namate regsbronne bygewerk word.

KI-beelde word geskep deur die enjin met groot hoeveelhede kopieregmateriaal op te lei sonder dat die toestemming van die eienaars van daardie materiaal bekom word. Boonop kan KI-beelde baie soortgelyk wees aan ander, oorspronklike werke. Sulke gevalle kan op skending neerkom, en daarom moet hierdie KI-instrumente en die beelde wat daarmee geskep word uiters versigtig gebruik word.

KI-beeld geskep met Adobe Express/new.express.adobe.com



*A gavel and scales of justice.*


© 2024 Universiteit Stellenbosch

KI-beeld geskep met Adobe Express/new.express.adobe.com



# 6. Reëls en riglyne vir beelde wat met KI geskep word

## 6.2 Dataprivaatheid en -sekuriteit

**Wanneer GenKI-instrumente gebruik word om media te skep, gee gebruikers toestemming dat die instrument hulle beskrywings of beskikbare beelde gebruik om sy model op te lei om nuwe uitsette te skep**. Dit is belangrik om daarvan bewus te wees dat enige nuwe inhoud wat geskep word wêreldwyd toeganklik kan wees en deur ander gebruik kan word om nuwe uitsette met die instrument te skep. Daarbenewens kan jou beeldbeskrywing sigbaar wees vir ander, en om deursigtigheidsredes by die inhoudsbesonderhede ingesluit word.

Vir meer hieroor, lees hier: https://helpx.adobe.com/firefly/using/content-credentials.html

## 6.3 Potensiaal vir vooroordeel

**GenKI-modelle kan bevooroordeelde inhoud skep wat diversiteit of inklusiwiteit kortkom**. Baie GenKI-instrumente is met bevooroordeelde data opgelei wat moontlik partydig is vir bepaalde rasse, kulture of genders. Opvoeders moet bewus wees van hierdie vooroordele en maatreëls tref om **dit teen te werk deur doeltreffende beeldbeskrywings te skryf**. Dit is byvoorbeeld belangrik om duidelik in jou beskrywing aan te dui wat by die finale beeld ingesluit moet word.

*A gold padlock featuring a keyhole, set against a background of digital lines.*


© 2024 Universiteit Stellenbosch

# 6. Reëls en riglyne vir beelde wat met KI geskep word

## 6.4 Verifikasie


Die instrument Content Credentials Verify **stel gebruikers in staat om die oorspronklikheid en herkoms van digitale inhoud** soos beelde, video's en musiek **te verifieer**. Gebruikers kan inligting oor oorsprong, aanpassings en enige verbandhoudende metadata bekom deur bloot die lêer met die betrokke inhoud op die instrument te laai. Dít help verseker die geloofwaardigheid en betroubaarheid van digitale media deur deursigtig te wees oor waar dit vandaan kom en hoe dit aangepas is.

content credentials

Vir meer hieroor, lees hier:

> https://contentcredentials.org






*An African-looking student holding a tablet in one hand, with the other hand resting thoughtfully under her chin.*


© 2024 Universiteit Stellenbosch

# 6. Reëls en riglyne vir beelde wat met KI geskep word

## 6.5 Etiekriglyne

**Wanneer jy beelde gebruik wat met KI geskep is, wees bedag op die potensiaal vir onderliggende vooroordele of onakkuraathede in die beelde, die risiko dat dit verkeerde inligting kan versprei**, en die belang van deursigtigheid oor die gebruik van GenKI in die skep van hierdie beelde om integriteit en vertroue te handhaaf.

**Voorbeeld**
Gestel jy skep 'n beeld om die konsep van diversiteit vir 'n universiteitslesing oor sosiale wetenskappe visueel voor te stel. Jy gebruik 'n KI-instrument om hierdie beeld te skep. Die resultaat is 'n kleurryke en inklusiewe collage met mense van verskillende rasse, ouderdomme, genders en vermoëns wat aan verskillende aktiwiteite deelneem.

**Deursigtigheidsverklaring:**
Dit is belangrik dat jy die volgende nota by jou aanbieding insluit:

*"Hierdie beeld is met 'n KI-instrument geskep om die konsep van diversiteit uit te beeld. Hoewel die KI-beeld algemeen verteenwoordigend is, is dit belangrik om te erken dat geen beeld die rykheid en kompleksiteit van menslike diversiteit ten volle kan weergee nie. Ons het die KI-beeld nagegaan om seker te maak dat dit met die bedoelde boodskap strook en die diversiteitskonsep akkuraat weergee sonder om stereotipes of vooroordele te versterk."*

Vir verdere inligting, gaan na:

> Microsoft AI / Responsible AI | Tools and practices



*An African-looking student holding a tablet in one hand, with the other hand resting thoughtfully under her chin.*


© 2024 Universiteit Stellenbosch

KI-beeld geskep met Microsoft Designer/designer.microsoft.com



# 6. Reëls en riglyne vir beelde wat met KI geskep word

## 6.6 US-beleide

### Het jy verdere inligting nodig?

Raadpleeg **die US se riglyne of beleide** oor die gebruik van beelde wat met KI geskep is. Daarin verskyn dalk voorskrifte oor erkenning, aanvaarbare gebruike en enige beperkings. Om aan hierdie riglyne of beleide te voldoen is noodsaaklik om institusionele standaarde en akademiese integriteit te handhaaf.

Vir verdere inligting, lees asseblief:

> **Konsep- tussentydse US-riglyne oor toelaatbare KI-gebruik en akademiese integriteit in assessering**

### Wil jy ons kontak?

E-pos Lucille Müller gerus by **Lm2@sun.ac.za**.

Die Universiteit Stellenbosch is die eienaar van die kopiereg op hierdie materiaal en verbandhoudende inligting. Enige reproduksie, aanpassing, publikasie, uitvoering, uitsending, verdere verspreiding of verhandeling van hierdie materiaal en inligting in enige vorm of op enige manier sonder die eienaar se uitdruklike toestemming is streng verbode.

*A computer displaying a digital overlay with 3D graph illustrations in the background.*


© 2024 Universiteit Stellenbosch

CC BY NC ND